

VOORSITTERSVERSLAG ~ 2015 ~ CHAIRMAN'S REPORT

Dit is vir my 'n groot voorreg om verslag te doen oor die doen en late van die bestuur en ander algemene sake van Brandwacht Aan Rivier Huiseienaarsvereniging.

Die derde Algemene Jaarvergadering was gehou op 5 Junie 2014 waartydens die volgende lede verkies is as Trustees om die huiseienaarsvereniging (HEV) te verteenwoordig:

Mnr Bertus de Waal (Voorsitter)
Mnr Pierre de Villiers
Me Diana van Graan
Mnr Clifford Heys
Mnr Bart Senekal
Mnr Theuns Smuts

9 Trustee meetings were held during the 2014/2015 financial year.

I would like to break down this report into the following different activities:

1. LANDGOEDBESTUURDER

Gary Bernhardt het hom weereens baie goed van sy taak gekwyt die afgelope jaar. Gary se verantwoordelikhede is kortliks as volg:

- Korrespondensie - Hantering van alle navrae van die Landgoed asook gereelde kommunikasie dmv nuusbriewe aan inwoners
- Administrasie – Administreer en opdatering van bestaande beleid en handleidings
- Eksterne onderhandeling – Verkryging van tenders en kwotasies, onderhandelinge met Munisipaliteit, Argitekte ens.
- Bouprojekte – Hantering, beheer, inspeksies en toepassing van reëls op bou-aktiwiteite
- Sekuriteit – Hantering, beheer en bestuur van sekuriteits personeel, die instandhouding van die elektriese heining en beheer van alle werkers tot die Landgoed
- Landskapering – Instandhouding van die groen areas
- Infra-struktuur – Instandhouding van alle infra-struktuur

Gary moet die belange van 'n legio rolspelers in ag neem en balansseer. Dit is nie altyd maklik nie, maar hy vervul hierdie uitdagende taak met die uiterste omsigtigheid en professionaliteit. Gary se bydrae tot die landgoed is van onskatbare waarde.

2. BESTUURAGENTE

PFS Consultants is heraangestel as bestuursagente vir die 2015/2016 finansiële jaar. Baie dankie vir Andrea en sy span se waardevolle insette gedurende die jaar.

3. FINANSIES

Die finansiële toestand van die HEV is gesond. Na gelang van die begroting vir die nuwe finansiële jaar, het die Trustees besluit om vanaf April 2015, die maandelikse heffings na R1 050 te verhoog. Die finansies word meer volledig in die finansiële verslag bespreek.

Weens die gewildheid van die landgoed het die verkope van voltooide huise gekwyn en dit gaan die inkomste van die HEV beïnvloed. (Verminderde verkoopsheffings)

4. SECURITY

The security of the Estate is paramount.

- 4.1.The guards, with Gary's guidance, employ a strict regime in terms of access control for workers at the estate.*
- 4.2.An extra guard has been deployed on Sundays to improve the security over weekends.*
- 4.3.CCTV Cameras were also installed at the Access Control.*
- 4.4.The Bloodhound system was changed to the Synergy system due to the improved management of the roaming guards.*
- 4.5.Meetings with the Management of Thorburn Security are held regularly where issues of importance are discussed.*
- 4.6.New batteries have been installed for the Energizers of the electric fence so that it will still operate during load shedding.*

Up to now no burglaries have been reported. Please do however take responsibility for your own safety. If you encounter something suspicious, please report it to the Estate Manager. You are our eyes on the estate.

5. BRANDWACHT STREAM REHABILITATION

It has come to the attention of the Brandwacht aan Rivier HOA that the Brandwacht Stream has been severely damaged during the past 2 years by flooding and excessive rains. In this regard erosion control measures will have to be implemented to protect the river banks, vegetation, pathways and security fence. For this reason the HOA approached APEC Consulting Engineers (who specializes in the stabilizing of river banks), to assist the HOA in resolving this problem. They were requested to present the HOA with a engineering design that will address the problem and to implement the proposed erosion control measures.

However, owing to new environmental legislation, before any work may be done on a river or stream, approvals are required from the Department of Water and Sanitation (DWS) in terms of the National Water Act, 1998 and the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) i.t.o. the National Environmental Management Act, 1998.

SRK Consulting was the independent environmental practitioner on the Brandwacht aan Rivier development during the establishing of development rights phase. They were also the environmental control officer during the development's construction phase. Consequently SRK Consulting was appointed to undertake the required environmental processes in order to obtain the approvals from DWS and DEA&DP. They have already submitted a water use license application to the DWS and have also engaged with the DEA&DP's officials. Once the relevant environmental approvals have been obtained, APEC Consulting Engineers will commence with their work to stabilize the stream.

6. LANDSKAPERING/BESPROEIING

Gary het gedurende die jaar 'n derde werker aangestel. Gary volg 'n streng program waarvolgens die landskapering bestuur en in stand gehou word. Sy sukses blyk duidelik uit die besondere mooi toestand van die landskapering, tuine en wandelpaadjies.

Die volgende projekte word op 'n gereelde basis hanteer:

- Die skoonmaak en stabilisering van die rivierloop
- Die skoonmaak en terug sny van plant materiaal
- Die vee en skoonmaak van die paaie en dreine
- Gereelde instandhouding aan die boorgatpomp en besproeiingsstelsel
- Instandhouding van die Elsie en Ben du Toit rylane
- Onderhoud aan piekniek areas en grondpaadjies aan die Noordekant van die Landgoed
- Onderhoud en instandhouding van die stormwatersloot aan die Suidekant van die Landgoed buite die Landgoed se grense

U sal ook merk dat die wandelpaadjies oorkant die rivierloop meer toeganklik gemaak is. U word aanmoedig om die pragtige landskap en voëllewe teen die koppie uit te toets!

7. DIENSTE

Van tyd tot tyd ondervind ons uitdagings met betrekking tot die werking van die bestaande infrastruktuur – hierdie word egter aangespreek sodra dit ontstaan. So is daar gedurende die jaar gereelde herstelwerk gedoen aan die paaie en dreine. Gelukkig is daar nog 'n retensie op sommige van die harde landskapering en alle kostes word nie deur die Huiseienaarsvereniging gedra nie.

8. BOUPROJEKTE

Planne word deur assesserende argitekte, TV 3 Argitekte nagegaan en hulle voorsien die nodige inligting en terugvoering.

Tans is die statistiek tov wonings teenoor die vorige algemene Ledevergadering soos volg:

	<u>2015</u>	<u>2014</u>	<u>2013</u>
Wonings voltooi:	63	42	10
Bouprojekte in proses:	25	20	17
Planne goedgekeur	<u>5</u>	<u>3</u>	<u> </u>
Totaal (120)	93	65	27

Eienaars word versoek om voor die aanvang van 'n projek, alle dokumentasie in verband met die bouprosedures, aan bouers te oorhandig om te verseker dat reëls en riglyne gevolg word. (Hierdie inligting is beskikbaar op aanvraag per epos, of op die webwerf www.brandwachtaanriver.co.za). Indien onseker oor die riglyne, kontak gerus die landgoedbestuurder. Eienaars moet nie na willekeur wysigings ten opsigte van die bouprojek aanbring sonder dat die nodige wysigings ook op die goedgekeurde plan gedoen is nie. **Maak ook doodseker dat dakhoogtes nie oorskrei word nie.**

Please note that we have to be very strict in ensuring compliance to the building regulations. We strive to always act in a fair manner in doing this. Please do not put us in an uncompromising position.

9. KOMMUNIKASIE

Goeie en gereelde kommunikasie vind plaas tussen die landgoedbestuurder en inwoners.

Inwoners word uitgenooi om relevante informasie deur te gee aan die landgoedbestuurder wat versprei kan word aan alle lede.

10. NOUE SAAMLEEF – DIT GAAN KNAP RAAK!

Daar is tans maar net so oor die helfte van die huise bewoon. Die hoeveelheid inwoners gaan dus verdubbel.

Noodwendig gaan daar tussen inwoners situasies ontstaan wat stremminge veroorsaak maar wel opgelos kan word in 'n gees van redelikheid, samewerking en tegemoetkoming.

Die BAR HEV en landgoedbestuurder is egter nie daar om goeie verhoudinge tussen bure te bewerkstellig en in stand te hou nie. Ons kan ook nie optree as beregter en polisieman vir elke denkbare irritasie en steuring nie. Daar is eenvoudig nie die kapasiteit daarvoor nie. Te veel van Gary se bestuurtyd word reeds hierdeur in beslag geneem.

Ons druk dit dus op die harte van alle inwoners om te poog om saam te leef in 'n gees van konsiderering vir jou bure en mede inwoners:

1. Leer ken gerus jou bure. "Onbekend is onbeminde"
2. Handhaaf die spoedgrens al is jy haastig (dink aan kinders wat rondhardloop).
3. Maak 'n reëling met jou buurman oor die koste van die bou van die gemeenskaplike muur.
4. Hou jou troeteldiere in beheer: geraas, leiband en tel op waar daar gemors word.
5. Praat met jou buurman oor die kragopwekker (rook en geraas)
6. Gee kennis oor partytjies en wees konsiderend met geraas (van enige aard) – veral in die week en vroeë oggendure.
7. Let op waar jy en jou gaste parkeer. Rivierlaan parkerings is vir almal se gebruik.

Ons weet egter dat daar in sommige gevalle 'n onafhanklike derde party betrek moet word om netelige geskille te besleg en die BAR HEV stap nie weg van hierdie verantwoordelikheid nie.

Meeste probleme kan egter verhoed of opgelos word deur die handhawing van goeie verhoudinge.

11. *BEDANKINGS*

Hiermee my dank aan:

- Die landgoedbestuurder Gary Bernhardt en sy span vir hulle voortreflike diens en die waarde wat hulle toevoeg tot ons landgoed.
- *To my fellow trustees on the committee for their personal time during the year to attend meetings and work on Estate matters.*
- *To all the builders, architects and suppliers for their understanding and compliance to our rules and regulations.*

Brandwacht aan Rivier is truly an Estate to be proud of.

Baie dankie

Bertus de Waal
Voorsitter BAR HEV

Neem kennis dat ek bedank het as Voorsitter. Ek wens die nuwe voorsitter en trustees alle sterkte toe met hulle taak.